KATOEN COTTON SA

Volume 18 - No. 2
AUG. 2016

Inhoud / Contents

Voorwoord

Die afgelope produksieseisoen het gebuk gegaan onder een van die ergste droogtes oor die laaste honderd jaar. Die gevolg is dat droëland katoenhektare met bykans 70% teenoor die vorige seisoen afgeneem het. Gelyklopend hiermee het besproeiings-hektare ook onder druk gekom as gevolg van die hoë somergraanpryse wat tydens planttyd geheers het en heelwat boere eerder verkies het om mielies te plant. Die jongste skattings dui op 'n oes van 47 000 bale vesel wat nagenoeg 50% laer is as verlede jaar se produksie.

Die grootste uitdaging wat die bedryf tans in die gesig staar is om ten minste genoeg katoen te produseer wat deur die Cluster benodig word. Meeste van die bekende kleinhandelsklere-en -tekstielgroepe is nou lede van die Katoencluster wat reeds hul katoenbehoeftes vir volgende seisoen bevestig het waarvan die totale bestellings alreeds vanjaar se oes oortref. Onder die Cluster is daar 'n versekerde mark vir die katoenboer teen 'n vaste prys met die voordeel dat geen fluktuasies in wêreldkatoenpryse die plaaslike clusterprys gedurende die seisoen sal beïnvloed nie!


Hennie Bruwer

Pryssekerheid en afset is van die voordele onder die Cluster en wat nou deur boere benut moet word. Insetfinansiering, veral ten opsigte van droëlandverbouing, was ook vir baie jare problematies as gevolg van die risikokomponent maar het Katoen SA in samewerking met die pluisbedryf gekyk na oesversekering wat die risiko vir finansierders kan beperk. Kyk artikel elders in die tydskrif wat die voorgestelde model uiteensit en wat finansiering vir katoenproduksie baie meer aantreklik uit die oogpunt van 'n voornemende finansierder sal maak. Hierdie produk sal met die nuwe plantseisoen in die Limpopoprovinsie-produksiegebied as 'n loodsprojek in werking gestel word.

Voorts vind indringende samesprekinge tans plaas rondom die aanskaf van voldoende katoenoestoerusting om groter produksie te hanteer. Hierdie gesprek is van kardinale belang en is die uitkoms daarvan bepalend vir volgehoue toekomstige groei in produksie. Groei in die katoenbedryf, van produsent tot kleinhandel, is nou van hoogste belang en was die bedryf lanklaas so goed geposisioneer om gevolg hieraan te gee.

Preface

The past production season saw one of the worst droughts over the past 100 years, resulting in close to a 70% drop in dryland hectares compared to the previous season. Irrigation hectares were also under pressure due to the high prices for summer grains at planting time, resulting in many farmers opting to plant maize instead. The latest estimates indicated that a local crop of about 43 000 bales can be expected this year, which is 53% down from the previous season.

The biggest challenge facing the industry this year is to produce sufficient cotton to satisfy the demand from the Cluster. Most of the well-known retail clothing and textile groups are now members of the Cotton Cluster and have already made known their cotton requirements for the next season. Their total requirements already exceed the crop of the current year. Under the Cluster there is a ready market with a fixed price in place for the cotton farmer with the guarantee that no fluctuation in world cotton prices will affect this price during the course of the season!

Price certainty and guaranteed off-take are some of the benefits under the Cluster which farmers should now make use of. Input financing, especially in respect of dryland farming has been problematic for many years now due to the high risk component, but Cotton SA in conjunction with the ginning industry are looking into establishing crop insurance with the view to minimise the risk for financiers. See the article in this magazine setting out the proposed model which will make the provision of finance from the financial institutions' point of view, more attractive. This product will be launched as a pilot project in the coming season in the Limpopo Province production region.

Currently, important consultations are taking place regarding the acquisition of adequate cotton harvesting equipment to handle larger crops. These discussions are of key importance and the outcome will determine to a great extent the sustainability of future growth in production. Growth in the cotton industry, from producer to retailer, is of extreme importance right now and the industry is ideally positioned to give effect to this at present.

CEO: Hennie Bruwer
Tel: 012 804 1462
Fax: 012 804 8616
Website: www.cottonsa.org.za
PO Box 912232, Silverton 0127
PRETORIA SOUTH AFRICA

Editor: Koot Louw
kootlouw@cottonsa.org.za
Tel: 012 804 1462
Editorial Committee:
Hennie Bruwer, Koot Louw,
Hein Schroder, Robbie Kemp

Editorial comment in this magazine is published under the auspices of the CEO and management of Cotton SA and opinions are that of the authors.

WINSGEWINDHEID VAN KATOEN IN WISSELBOU OP VAALHARTS

Vroeë witmielies vs katoen in wisselbou

Louis Olivier, Besturende Direkteur, Vaalharts Katoen.

Die vraag op produsente se lippe tans is: "Moet ek witmielies vroeg plant om die relatief goeie prys in die Maart 2017 stroop-seisoen op die korttermyn te benut, of moet ek eerder katoen plant en die wisselbouvoordeel op die langtermyn behou?"

Soos oor baie jare geleer in die intensiewe verbouing van gewasse onder besproeiing , is wisselbou nog steeds die regte roete om te volg. Hierdie argument word ook meer relevant met die pryssituasie tans in die RSA katoenmark. Die wisselkoers en kort periodes van opwaartse spronge wat die wêreld katoenmark die afgelope tyd gemaak het, het goeie kompeterende pryse vir katoen vir 2017 seisoen bewerkstellig.

Vaalharts Katoen het ‘n minimumprys van R8200/ton saadkatoen oor die skaal aangekondig. Reeds is daar ook kontrakte met kopers vir 2017 lewering van R 9100/ton gesluit wat impliseer dat selfs hoër minimums moontlik sal wees. Volume en graad sal egter ook bepalend wees.

Tabel 1 toon die inkomste vergelyking van gewasse per hektaar soos op 28 Julie 2016. Tabel 2 toon die produksiekoste en marges vir die verskillende gewasse maar hou in gedagte dat insetkoste produsent en gebied spesifiek is en sal daarom verskil.

Belangrik om op te let dat ook die vastekoste van elke produsente kan verskil gegewe die situasie. R 6000/ha is effens aan die hoë kant, maar die berekening maak ruim voorsiening aan die koste kant om so konserwatief as moontlik te wees.

Die afleiding is ook dat gewaspryse op redelik winsgewende vlakke is, maar dat winsgewindheid nie baie afwaartse druk sal kan hanteer nie. Geelmielies wys reeds rooi ligte in die verband.

TABEL 1:

KATOENVOORDEEL PER HA TEENOOR TRADISIONELE WISSELBOU

		WISSELBOUPROGRAM		
		1	2	3
2016	Jun	*WIT MIELIES*	*KATOEN*	*KATOEN*
	Jul			
	Aug			
	Sep			
	Okt			
	Nov			
	Des			
2017	Jan			
	Feb			
	Mrt	R 8 040		
	Apr			
	Mei		R 11 500	R 11 500
	Jun	*GARS*	*GARS*	*GARS*
	Jul			
	Aug			
	Sep			
	Okt			(plus 1 ton)
	Nov	R 2 640	R 2 640	R 6 347
	Des	*GEEL MIELIES*	*GEEL MIELIES*	*GEEL MIELIES*
2018	Jan			
	Feb			
	Mrt			
	Apr			(plus 1 ton)
	Mei	R -1 438	R -1 438	R 2 230
	TOTAAL	R 9 242	R 12 702	R 20 077
			R 3 460	R 10 835
			VOORDEEL OOR 24 MNDE	

Uit bogenoemde kan ons sien dat daar wel ‘n korttermyn voordeel met die witmielie keuse is. Wat egter deurslaggewend is, is dat met die regte wisselbou waar katoen van deel is, is die langtermyn voordeel aansienlik beter Die opbrengsverbetering op kleingrane en opvolgende mielies is oor die laaste vier jaar noukeurig waargeneem om hierdie uitspraak te laat geld.

TABEL 2:

PRODUKSIEKOSTE EN MARGES PER HA

	KATOEN	WIT MIELIES	GEEL MIELIES	GROND BONE	GARS	LUSERN
Produksiekoste/ha	R 32 000	R 26 000	R 26 000	R 25 700	R 19 164	R 25 000
Prys/ton (Safex)	R 9 000	R 3 640 R 3 940	R 2 445 R 2 745	R 9 500	R 3 707	R 2 500
Opbrengs t/ha	5.5	11.0	12.5	3.5	7.5	16.0
Inkomste R/ha	R 49 500	R 40 040	R 30 563	R 33 250	R 27 803	R 40 000
Bruto Marge R/ha	R 17 500	R 14 040	R 4 563	R 7 550	R 8 639	R 15 000
Vaste Koste R/ha	R 6 000	R 6 000	R 6 000	R 6 000	R 6 000	R 6 000
Netto Marge R/ha	**R 11 500**	**R 8 040**	**-R 1 438**	**R 1 550**	**R 2 640**	**R 9 000**

Daarenteenoor is die gevolg van die korttermyn winsgedagte, dat siektes soos fusarium en die al die nadelige gevolge van monokultuur, die produsente in 'n skaakmatposisie plaas wat sy wisselbou winsgewindheid betref.

Ter afsluiting is daar geen twyfel dat katoen met nuwe tegnologie, bemarkingsmetodes en bestuurspraktyke, 'n prominente bydrae tot die winsgewindheid van die boerderysisteem kan en sal maak nie.



‘N PLAASLIKE SPINNER SE PERSPEKTIEF OMTRENT SUID-AFRIKAANSE KATOEN

Enrique Crouse, Hoof Uitvoerende Beampte, Prilla 2000

Prilla wat die grootste katoenspinaanleg in Suid- Afrika bedryf, is uitsluitlik ‘n gare spinner wat die brei-, weef- en handdoeksektore bedien. Aangesien geen van hulle gare “in-huis” in die vervaardiging van materiaal gebruik word nie, is dit krities belangrik dat die garekwaliteit deurgaans van goeie gehalte moet wees. Dit is die maatskappy se beleid om soveel plaaslik geproduseerde katoen as moontlik op te neem sonder benadeling van die kwaliteit van die gare.

Indien daar nie katoen beskikbaar is wat aan die tegniese vereistes soos hieronder genoem, voldoen nie, kan ‘n spinner die volgende tegniese probleme verwag:

- Die grootste bedreiging is dat die gare wat vervaardig word tot “Barre” eise aanleiding kan gee. “Barre” is ‘n kleurvariasie wat gedurende die kleuringproses van gebreide of geweefde artikels kan kop uitsteek. Spinners toets elke baal in hulle vesellaboratoria ten einde die verskillende soorte katoen op ‘n spesifike manier bymekaar te groepeer, bekend as “lay downs”, wat aan streng vereistes onderworpe is ten einde te voorkom dat hulle gare tot “Barre” probleme aanleiding kan gee.

- Garesterkte is ook baie belangrik omdat breiers en wewers voortdurend in vinniger masjinerie investeer met die doel om produktiwiteit te verhoog. Hierdie masjinerie vereis sterker gare met ‘n baie lae CV% in sterkte variasie. Die gare wat Prilla vervaardig, hoofsaaklik vir brei, kan ook nie geproduseer word van katoen met ‘n mikronêrwaarde van hoër as 4.5 nie.

- Lotte katoen moet so groot en eenvormig as moontlik wees aangesien katoen van verskillende oeste nie in die tekstielpyplyn gemeng mag word nie. Vir ‘n spinner, breier of wewer om verskillende oeste se katoen of gare apart te hou, ook gedurende die kleuringproses, kan tydrowend wees en kostes vir die bedryf opjaag.

- Om gare te spin van katoen met ‘n lae rypheidsverhouding hou baie risiko in aangesien dit aanleiding kan gee tot material wat afgegradeer moet word weens ‘n swak voorkoms of kleur as gevolg van die hoër konsentrasies van dooie vesels per meter material.

- Wanneer ‘n “lay down” eers vasgestel is en die spinproses begin het, kan die samestelling daarvan nie met meer as 5% per week gewysig word nie. In Prilla se geval waar die “lay down” vir “ring spinning” bestaan uit ‘n 53 bale groep, beteken dit dat net 2 bale per “lay down” in enige gegewe week verander kan word.

DIE TEGNIESE VEREISTES OM KONSEKWENT KATOENGARE VAN GOEIE KWALITEIT TE PRODUSEER

“Die mees belangrikste is om groot volumes van eenvormige katoen te bekom wat sal verseker dat daar vir minstens 3 tot 4 maande katoen gespin kan word sonder om enige noemenswaardige verandering aan die spinprosesse te maak.”

Eenvormige katoen kan gedefinieer word as katoen waarvan:

- alles vanaf een kultivar afkomstig is;
- ten minste 5000t van dieselfde graad is maar wat
- van nie meer as 3 pluismeulens afkomstig is nie;
- die grade Deal/Dirk AO tot A1 moet wees;
- die mikronêr tussen 3.5 en 4.5 moet wees; en
- die rypheidverhouding tussen 0.87 en 0.90 moet wees.

Met inagneming van die tegniese vereistes wat deur spinners gestel word, is dit duidelik dat dit problematies vir 'n plaaslike spinner soos Prilla is om Suid-Afrikaanse katoen te gebruik as gevolg van die volgende faktore wat betref die huidige beskikbaarheid daarvan:

- Die relatiewe klein katoenoes wat tussen 5 - 6 pluismeulens versprei is.
- Die verskillende kultivars.
- 'n Mengsel van hand- en masjienplukkatoen.
- 'n Mengsel van droëland- en besproeiingskatoen.
- Grade wat wissel van Deal AX tot Dirk A2.
- Hoeveelhede en kwaliteite wat nie voor die aanvang van die seisoen bekend is nie wat 'n onsekerheid by spinners laat wat betref die vooruit aankoop van hulle behoeftes.

Die Suid-Afrikaanse katoenbedryf moet streef om laasgenoemde sake aan te spreek ten einde dit moontlik te maak vir spinners soos Prilla om groter volumes plaaslike katoen te kan opneem sonder benadeling van garekwaliteit.

Better Cotton Initiative (BCI) General Assembly in Hong Kong

On 14-15 June 2016, BCI hosted the General Assembly, serving as a key BCI event and opportunity to inspire and motive members in their efforts to achieve scalable commodity transformation. BCI members from around the world, representing the entire cotton supply chain gathered in Asia to learn, network and advance their Better Cotton procurement. South Africa was represented by Heinrich Schultz (Manager, Sustainable Cotton Cluster), Joseph Kempen (Chairman, South African Cotton Ginners Association) and Tobie Jooste (Business Information Manager Cotton SA).

Industry leaders from all over the world delivered presentations ranging in topics from transformation in other sectors, to transformative trends in traceability, standards and agricultural research and technology. Part of the Assembly was a trade show were some BCI members had the opportunity to showcase their products. Attendees also had the opportunity to network with members like Nike, WWF and with the BCI Leadership Team. Positive feedback was received from the BCI Leadership Team with regard to the South African implementation of the BCI standard.

INTEGRATED RISK MANAGEMENT

A risk finance structure for the expansion of cotton production in South Africa

Cotton Crop Insurance Concept

Rick Dillon & Louis Ferreira – Integrated Risk Managers

Numerous changes and pressure in the agricultural environment have led Cotton SA to look for innovative solutions to increasing the area under cotton production.

The pressure is being spurred on by role players in the cotton supply chain who are realising that, they too, suffer from credit deterioration if there is disruption or decline in production. This in turn has led to the development of an integrated risk management package for Cotton SA that will be rolled out in the near future. The programme is continuous, gradual and integrated. It contains components of commodity and production finance and integrates these with risk management and finally with off-take or supply chain managements.

The package is being structured, tested and gradually implemented under the auspices of Cotton SA with the initial objective of :

- **Protecting the Gins from the financial or margin risk that results from a shortfall in delivery of an anticipated throughput.**
- **By using the security value of the insurance package to encourage the production of new dryland cotton fields throughout the producing area.**
- **Provide traditional risk mitigation and insurance to established cotton farmers where required.**

In farming there is natural competition and selection between commodities like maize and cotton where farmers debate and decide which commodity to plant. Mostly the decision is a financial one – which commodity will give the best return.

Farmers traditionally are known to be price takers in the supply chain market. They are also great risk takers with the environmental risk of climate and weather events usually landing up being the responsibility of the farmer or producer in the supply chain. There were few players in the supply chain that were willing to share the production risk with farmers. This is changing and there is now increasing evidence that supply chain participants or off takers are willing to go beyond the farm gate to share or participate in the risk borne by farmers.

This fact was instrumental in the decision taken by Cotton SA to form a cluster and to embark on the process of integrating and managing their own commodity risk. In this way they hope to be able to compete with other commodities and ensure sustainability in cotton production. It is still a process and there are no quick fix solutions.

One of the key elements evident at the outset was the lack of formal structures for farmers to align effectively with supply chain leaders. It is only through building the right structures along the supply chain between farmer and large corporations and providing the supporting banking products that the primary economic inputs can be aligned to achieve high efficiency. The proposed Cotton SA Risk Finance Structure or “Cell” addresses some of these inefficiencies encapsulates risk management, risk retention and re-insurance of defined catastrophe cover.

What are the issues and how are they addressed



The starting point is to set clear Goals and Objectives.

These can be short term or long term. Initially the objectives for the current project roll out are stated as:

- Protection of sustainability of the Gins. The Gins are seen as key points for the aggregation of farmers and through their agreement with farmers are able to perform the vital function of aggregation. This structure is not about the protection of an individual farmer but the protection and risk mitigation on a complete supply chain.

- The initial drive would like to expand the area under cotton production. The Gins will be the focus for implementing this drive and be responsible for the aggregation and risk control of individual farmers.

- Provide traditional insurance for producers as necessary.

For this project to become a reality it involves bringing the financier and off-taker together and, through the intervention of a risk or "cell" manager, to demystify the issue of risk and debunk the traditional theory of the farmer as primary risk taker. The solution developed will include a measure of rick control or self-management of risk. This usually involved assessment of good practice and the stakeholders all being aware of the "rules of the game". The other component of the package is risk financing which includes retention and re-insurance.

All of the above is dependent on the collection and verification of historical data. Valid data is the foundation to being able to predict the volatility of production. A key myth that needs to be debunked through this process is the traditional view of insurance being an "investment". By being the owner of the insurance structure Cotton SA will be responsible for self-regulation and control. The insurance package is now an integral part of management decisions and not just a convenient source of funding with no recourse.

Continued on page 10

INTEGRATED RISK MANAGEMENT

Continued from page 9

How will it operate?



This is a schematic representation of a proposed structure being debated currently. It is by no means the final product as the development of structures is fluid and subject to change depending on circumstances. The first hurdle is to break down the barriers that has traditionally kept the producer from the rest of the supply chain. This task is being undertaken at the moment.

The reality is that this is not a new innovation. An article in Farmers Weekly July 2010 had this to say in an interview with a leading agricultural financier: *It is the focus and the way we do this that need to change, not our structures. It is a mind-set change. I have to go to credit and tell them I am taking a cotton shirt as security in order to finance diesel. But it doesn't end there, because our commodity finance guys will say "Very well, but we want a tangible product, we want to be able to touch it" – and that shirt hasn't been produced yet……"*

Watch this space. The dream of a forward thinking financier is about to become a reality through this innovation by Cotton SA.

KATOEN SA GROET JOU POTMAN!



Pieter Potgieter, vriend en voormalige katoenboer van Stella is op 18 Junie 2016 in die ouderdom van 56 oorlede.

Met die onverwagte afsterwe van Pieter het ons maar net weereens besef hoe kort kan 'n mens se lewe wees en watter leemte so 'n spesiale persoon in die landbou gelaat het! Sy passie vir katoen en betrokkenheid in georganiseerde landbou was alom bekend.

Sy betrokkenheid as Voorsitter van die Katoen SA Trust oor 'n tydperk van 9 jaar, het 'n groot aandeel ter ondersteuning van Katoen SA se visie om die skepping en instandhouding van 'n omgewing waarbinne die katoenbedryf optimaal kan ontwikkel, gehad! Pottie het hom ook vir 8 jaar uitgeleef in sy rol as onder-voorsitter van die Suid-Afrikaanse Katoenprodusente-organisasie, waar hy 14 jaar lank as bestuurslid gedien het. Voorts het hy sy jarelange visie vir ge-organiseerde landbou om oor landsgrense betrokke te raak, self uitgevoer deur die afgelope paar jaar tot met sy afsterwe, in Mosambiek met vee te boer.

Sy goeie verhouding met sy mede katoenboere was opmerklik en het daarom ook spontane ondersteuning en samewerking vir die daarstelling van 'n volhoubare produsente-omgewing ontlok. So kan ons as medeboere en vriende verder getuig dat hy voluit geleef het en geniet het wat hy doen. Ja, bo en behalwe sy onwrikbare vertroue in ons Skepper het hy ook in die meeste gevalle net die mooi en op sy droë manier, die humor in alles raakgesien.

Pieter sal vir lank in ons nagedagtenis bly voortleef en ons was bevoorreg om vir soveel jare met hom te kon saamwerk.

Graag wil die Voorsitter, Raad en Personeel van Katoen SA hiermee hul meegevoel met sy heengaan aan sy eggenote Annatjie en familie betuig.

Katoen se rol in die bekamping van die agteruitgang van die grond in die Loskopskema

Bydrae deur Deon Meyer, voormalige navorser by die LNR-IIG en tans 'n katoenboer in die Marble Hall omgewing.

Die Loskop besproeiingskema is ongeveer 70 jaar oud en volgens voorspellings is die leeftyd van so 'n skema 50 jaar. Met die ontstaan van Loskop was daar duidelik neergelegde riglyne rakende gewasse wat geproduseer moes word, wat katoen ingesluit het.

Die gronde in Loskop is in 'n staat van agteruitgang ! Hoekom word dit gesê ?

1. Afloop van water uit besproeide lande neem toe – Grondstruktuur?
2. Al meer kunsmis moet toegedien word om aanvaarbare oeste af te haal – Koolstofinhoud en Grondstruktuur?
3. Groter trekkers en groter implemente moet gebruik word om verdigtingslae op te hef – Grondstruktuur?

Wat is die redes vir agteruitgang van gronde ?

1. Voortdurende verbouing van gewasse.
2. Grond is baie duur en moet gevolglik optimaal benut word.
3. Wisselbou is in baie gevalle, slegs 'n wisseling in kultivars van dieselfde gewas.
4. Rusoes-stelsels of groenbemesting gebeur selde.
5. Koolstofinhoud van gronde is baie laag (.5%) – meer bemesting.

Hoekom is grondstruktuur en koolstofinhoud so belangrik ?

1. Hoe meer krummelrig die struktuur is hoe beter is waterinfiltrasie, hoe meer is voedingstowwe beskikbaar en hoe beter is die rendement.
2. Koolstof hou verband met die humus-inhoud van die grond. Humus is die gom in die grond, wat die struktuur verbeter.
3. Hoe hoër die koolstofinhoud, hoe beter is die verhouding tussen die "Bad & Good guys" in die grond.

Waar pas katoen in?

1. Die produsent kan weer geld maak met katoen.
2. Katoen staan langer op die land, m.a.w grond kan rus.
3. Die wortelstelsel van katoen is 'n besetter van grond: dit benut voedingstowwe meer effektief en kan baie diep in die grond indring. Wanneer materiaal verrot, kan die koolstofinhoud verhoog ("Good Guys").
4. Gronde droog uit en sodoende word skadelike patogene vernietig, wat positief is vir opvolg gewasse.

Katoen as gewas, is 'n baie goeie wisselbougewas, aangesien dit die agteruit gang van grond kan verlangsaam, maar dan moet die produsent geld maak.

'n Wyse man het gesê: "Die grootste gevaar in 'n boer se mondering is: as hy nie weet – dat hy nie weet nie."

NUWE DELTAPINE KATOEN KULTIVARS VARS UIT DIE OOND!

Monsanto se kultivarnavorsingspan het die afgelope paar seisoene hard gewerk om nuwe katoenkultivars te selekteer wat aangepas is in die verskillende katoen produksie gebiede van Suid Afrika. Die groot uitdaging was om opbrengs en pluispersentasie te verhoog, asook veselkwaliteit te verbeter.

Riaan van den Heever en Adriaan Wessels van Marble Hall by hul blok DP 1531 B2RF wat 6 t/ha gelewer het

Katoenplukker in aksie; 7 t/ha opbrengs!

Masjienplukbaarheid van DP 1541 B2RF

Dit is vir ons aangenaam om twee nuwe kultivars aan die bedryf bekend te stel, met uitstekende opbrengspotensiaal asook 'n beduidende verhoging in pluispersentasie.

Hierdie kultivars was die afgelope 3 seisoene in die Nasionale Kultivar Proewe (NCP) van die LNR-IIG beproef en het deurgaans uitstekend presteer.

Vervolgens meer inligting oor hierdie belowende nuwe kultivars:

DP 1531 B2RF (13P3001B2RF) is 'n medium groeiseisoen kultivar met 'n koniese en oop planttipe. Die groot voordeel van hierdie kultivar is dat dit ongeveer 2 weke vroeër oesgereed sal wees as die huidige DP 1240 B2RF of Delta 12 BRF met 'n pluis persentasie van 2 tot 3 persent hoër as die huidige Deltapine kultivars, wanneer handpluk monsters vergelyk word. Nog 'n voordeel van die oop planttipe is goeie ontblaring wat 'n beter graad pluksel behoort te lewer.

DP 1541 B2RF (13P3005B2RF) is 'n medium-lang groeiseisoen kultivar met 'n silindriese planttipe, dus word die bolle na aan die hoofstam gedra. Die voordeel hiervan is dat hierdie kultivar meer geskik is vir nouer rywydtes en hoër plantestand wat onder goeie bestuur en gunstige klimaat, buitengewoon hoë opbrengste kan lewer. Hierby het die kultivar ook 'n 2 tot 3 persent beter pluispersentasie as die huidige Deltapine kultivars wat die veselopbrengs sal bevoordeel.

Mnr Riaan van den Heever van Marble Hall het DP 1541 B2RF die afgelope seisoen verbou vir saadproduksie, en hy is baie tevrede met die resultate wat behaal is. Die gemiddelde opbrengs oor 29 hektaar was 6972 kg/ha saadkatoen wat uitstekend is vir die moeilike, droë seisoen wat baie druk op die besproeiing geplaas het.

Mnr Adriaan Wessels ook van Marble Hall, het DP 1531 B2RF vir saad aangeplant en het 'n gemiddelde opbrengs van 6045 kg/ha en oorwegend B grade behaal, wat onder baie moeilike toestande uistekend is.

Saad van DP 1541 B2RF sal in beperkte kommersiële hoeveelhede die komende seisoen beskikbaar wees, gegewe die uitslag van kwaliteitstoetse. Saad van DP 1531 B2RF sal voorlopig vir strookproewe beskikbaar wees in 2016. Kontak gerus vir Deltapine by 013 262 2972 of u naaste Monsanto katoensaad agent vir meer inligting.

Fanie Friis, MONSANTO Asia Africa TD Support COE Lead

DP 1531 B2RF

Besproeiingskatoen op die Loskopskema lewer ‘n goeie oes met minder water as vir enige ander gewas

"Soos in die res van die land was dit sekerlik ook een van die droogste seisoene ooit in die Loskop skema. Met hittegolwe wat temperature tot 50°C laat styg het, het ek die eerste keer gesien dat katoen onder spilpuntbesproeiing nie ontkiem of stik nie, omdat die grond te vining uitdroog. Ten spyte van dit en met 'n tekort aan water het ek tog my beste katoenoes in 32 jaar as katoenboer ervaar!" So sê Evert Genis, SAKPO voorsitter en katoenboer van Marble Hall.

Hy sê as daar een positiewe les hieruit te leer is, is dit dat katoen met relatief min water n goeie oes kan lewer. As voorbeeld lig hy een van sy lande in die verband uit:

> “Hier was die hoogste opbrengs 7881 kg/ha met n gemiddeld.oor 110 ha van 6162 kg/ha.”

- Plant 27 November 2015 met die wete dat daar nie genoeg water is om die oes groot te maak nie.(alle beskikbare water word toe gekanaliseer na die permanente gewasse).
- Met redelike ondervoeg van die vorige winteroes word die katoen net 2 besproeiings van 14 mm toegedien om goeie ontkieming te verseker.
- Vir 6 weke onder versengende hitte toestande word die katoen sonder enige verdere besproeiing gelos.
- Week 7 knyp ons toe maar so bietjie water af en gee die land 14mm besproeiing per week vir die volgende 7 weke.
- Nadat daar n bietjie ekstra water aangekoop kon word, word daar vanaf einde Februarie 2 keer per week 14mm besproei. Wat weer na 5 weke afgebring is na een besproeiing van 14mm per week.
- Gedurende Maart tot April het daar sporadiese klein buitjies reën geval met die grootste bui van 18mm.
- Op die einde was die totale besproeiing dus 350mm plus 150mm reën.
- Finale opbrengs 6168 kg/ha.

Die plaas op Groblersdal waar ons redelik genoeg water gehad het, was die beperking die besproeiingstoerusting en kon in die piekperiode slegs ook 2 besproeiings van 15mm per week toegedien word met totale water toegedien wat gewissel het tuseen 450 en 500mm plus 120mm reën. Hier was die hoogste opbrengs 7881kg/ha met n gemiddeld.oor 110 ha van 6162kg/ha. Hier was ook geelmielies aangeplant en het die opbrengs gewissel tussen 5.6t/ha tot 12t/ha.

Wat voornemende produsente in gedagte moet hou:

1. **Net soos by ander gewasse is baie vordering gemaak met nuwe kultivars in terme van opbrengs en kwaliteit.**
2. **Van die kultivars se groeitydperk is ook al korter,ongeveer 10-14 dae wat beteken die oes kan vroeër afgehaal word (nuwe kultivars is oppad wat nog beter gaan presteer).**
3. **Die nuwer katoenplukkers pluk nou ook heelwat vinniger as in die verlede en kan bykans met dieselfde tempo as graanstropers die oes van die land afhaal. Dit opsigself maak ook dat die opvolggewas vinnig in die grond kom.**
4. **Die waarde van katoen in 'n wisselbouprogram moet nie onderskat word nie. Opvolggewasse se opbrengs na katoen is lankal bewys.**

Inkomste uitgedruk tot waterverbruik:

Katoen 6168kg. x R7.80 = R 48 110/ha (350mm water) = R137.45/mm
Mielies 10t x R4000 = R 40 000/ha (550mm water) = R 72.72/mm

Uit bogenoemde kan gesien word dat wat die rendement op mm water gebruik betref, katoen duidelik met baie minder water as enige ander gewas ‘n goeie oes kan lewer.

Markverslag soos op 1 Augustus 2016

Internasionale katoenpryse het in die tweede helfte van Julie 2016 tot oor 80 VSA c/lb gestyg teenoor die 2015/16 seisoen se gemiddeld van 70 VSA c/lb.

Hierdie onlangse styging in pryse is nie soseer die gevolg van vraag nie, wat steeds traag is, maar is meer as gevolg van skaarser katoenvoorrade wat ondersteun word deur die kleiner oeste deur die vyf grootste katoenproduserende lande wat vir 76% van wêreldproduksie verantwoordelik is. Sommige markanaliste glo egter dat namate die nuwe seisoen se katoen op die mark beskikbaar kom, daar weer afwaartse druk op katoenpryse verwag kan word.



